

## Demokrasie en sy vyande

Ursula van Beek\*

Die [Internasionale Dag van Demokrasie](#) word elke jaar op 15 September gevier om ons daaraan te herinner om demokrasie te bevorder en te beskerm.

Mens kan met veiligheid sê dat demokrasie tydens die Koue Oorlog laas deur sulke groot bedreigings soos tans in die gesig gestaar is. Dis selfs moontlik nou erger as destyds. Die eertydse tweepolige geopolitiese konfigurasie is duidelik afgebaken deur die “[Ystergordyn](#)”, soos Winston Churchill dit so gepas gedoop het. Demokrasie was aan een kant van die groot skeiding en kommunisme aan die ander, met die meeste van die res van die wêreld wat een van die twee opponerende kante ondersteun het.

Toe [Mikhail Gorbatsjof](#), wat net verlede maand gesterf het, in 1989 politieke en ekonomiese vryhede in die Sowjetunie ingestel het, is die Koue Oorlog prakties beëindig. Kommunistiese regimes in Oos- en Sentraal-Europa het geval, asook die berugte [Berlynse Muur](#), en ’n verenigde Duitsland het na vore getree. Daar is gesê nie net die einde van die Koue Oorlog nie, maar die einde van geskiedenis het aangebreek. Daar is destyds aangevoer dat die mensdom se ideologiese evolusie tot ’n einde gekom het. Die universalisering van Westerse liberale demokrasie was veronderstel om die finale vorm van menslike regering in te lui.

Hierdie deurslaggewende gebeure het ook die aftakeling van apartheid in Suid-Afrika moontlik gemaak. Die Nasionale Party se bangmaak-narratief van kommunisme wat die land sou oorneem as apartheid afgeskaf sou word, het sy geloofwaardigheid verloor en FW de Klerk aangespoor [om die bevrydingsroete in te slaan](#). En so het Suid-Afrika deel geword van die golf van nuwe demokrasieë wat orals verrys en oor die wêreld heen versprei het.

Maar geskiedenis ontvou nie op ’n lineêre manier nie. Dit neig eerder om agtertoe, vorentoe en sywaarts te beweeg en herhalend te wees. Terwyl die triomf van demokrasie elders gevier is, het die opbrek in 1991 van die Sowjetunie se 15 republieke Rusland se wêreldinvloed verswak en sy ekonomiese ineenstorting verhaas. In 2005 het Wladimir Poetin die proses op die propagandistiese TV-stasie Russia Today [beskryf](#) as die “grootste geopolitiese katastrofe van die eeu” en daardeur die weg vir sy veldtog van ‘imperiale’ herstel gebaan. Die gevolg is die vroeëre [anneksasie van die Krim](#) en die onlangse wreedaardige [inval van Oekraïne](#).

Die [destabiliserende uitwerking](#) van die voortgesette oorlog in Oekraïne word wêreldwyd gevoel. Die skerp styging in inflasiekoerse verdiep die reeds ekstreme vlakke van ongelykheid en raak arm mense die ergste. Die swaarkry weens die impak van die oorlog, tesame met die ekonomiese afswaai weens die Covid-19-pandemie, massaverskuiwings weens klimaatsverandering, asook migrasies, versterk ’n algemene gevoel van ontbering en onregverdigheid. Sulke gevoelens plaas demokrasie onder druk omdat burgers meer geredelik ontvanklik is vir die idee van outokratiese politieke oplossings, wat volgens hulle moontlik ’n beter lewensgehalte sal bied. Dis veral die geval in die aangesig van die [groeiende invloed en – vir sommige – bekoring van China](#), op ’n tydstip waar dit lyk asof die VSA se tradisionele rol as globale vaandeldraer vir demokrasie merkbaar verswak het.

Die [Swedish Varieties of Democracy \(V-Dem\)-projek](#) noem hierdie neiging weg van demokrasie ‘outokratisering’. V-Dem se demokrasie-aanwysers word as die betroubaarste beskou omdat hulle veranderinge oor tyd sedert 1900 volg en meer as 300 verskillende

aanwysers insluit om spesifieke aspekte van die politieke stelsel te meet. Die [2022 V-Dem-verslag](#) het polarisasie as een van die kragttigste aandrywers van outokratiesing geïdentifiseer. Dit is 'n dominante neiging in 40 lande en neem in alle wêreldstreke toe, ongeag die grootte en ekonomiese prestasie van of vlakke van demokrasie in die betrokke land.

Polarisasie kom in twee vorme voor: affektief en polities. Eersgenoemde gebeur wanneer mense hulleself met hul eie groep identifiseer en die wêreld deur dié groep se oë sien, of dit nou deur ras, etnisiteit, streek of godsdiens gedefinieer word.

Aan die ander kant behels politieke polarisasie identifisering met 'n spesifieke politieke party. Sodanige ideologiese verbondenheid is die lewensbloed van 'n demokrasie. Dit verskaf die materiaal waarmee die beeld van die party gebou en kiesersteun gemobiliseer kan word. Maar om hierdie doel te bereik moet partye leer om te kompromitteer deur hul interne verskille te oorkom. In gevalle waar dit nie maklik bereikbaar is nie, kan geen samehangende beleid gevorm of in werking gestel word nie, wat die gehalte van regering en van demokrasie self verswak. In gevalle waar verskille onversoenbaar raak, sal die betrokke party waarskynlik inplof. Dit laat 'n vakuum in die politieke lewe van die land, wat 'n uiters destabiliserende impak op demokrasie kan hê. Dis veral waar vir dominante politieke partye soos die ANC.

Maar dit is die affektiewe vorm van polarisasie wat die mag het om 'n demokrasie te vernietig. Affektiewe polarisasie vind uitdrukking deur populistiese leiers en die partye wat hulle tot stand bring. Die demokratiese kiesstelsel maak die ontstaan van hierdie partye moontlik en hul lede glo hulle is die ware demokrate omdat hulle namens 'die mense' praat – in hierdie geval diegene wat die party se spesifieke identiteit deel. Populistiese partye het nie 'n beleid van hul eie om aan te bied nie en hul mees inherente kenmerk die wêreld oor is 'n 'anti'-houding: anti-establishment, anti-immigrasie, anti-kapitalisme, anti-Weste en anti-almal wat nie aan 'die mense' behoort nie.

Volgelingen van populistiese partye grond hul stemme op identiteit en nie op die evaluasie van ander partye se kandidate of beleide nie. Daardeur verdeel hulle die samelewing in 'ons' versus 'hulle'. Die gevolglike vyandigheid en wantroue ondermyn die norm van medebestaan en verklein die vermoë en gewilligheid om saam te werk en te kompromitteer aansienlik, of takel dit heeltemal af. Samewerking en kompromieë is deurslaggewende komponente van die mededingende politieke bestel van demokrasie.

Die EFF is by uitstek dié populistiese party in Suid-Afrika. Hul hele beleid het ten doel om elke omstrede politieke of maatskaplike vraagstuk wat opduik, uit te snuffel en uit te buit, dikwels op 'n gewelddadige wyse. Hulle is die vyande van sosiale kohesie en maak 'n bespotting van die drome van almal wat geveg het teen apartheid en vir 'n Suid-Afrika wat aan almal behoort, soos verwoord in die [Vryheidshandves](#) en soos geëggo deur die vader van die nasie, Nelson Mandela. Aartsbiskop Desmond Tutu se Reënboognasie is nie vir hulle nie; ook nie Neville Alexander se [aandoenlike metafoor van die Gariep](#) (die Oranjerivier) met sy hooftakke wat verskillende tradisies, praktyke, gewoontes en oortuigings saamdra en die see majestueus binnevloei nie. En ook nie die oortuiging van Steve Biko wat in die tronk gesterf het omdat hy in rassegelykheid geglo het en selfbemaagtiging deur die herkonstruksie van 'n wanigeligte sin van swart identiteit aangemoedig het nie.

Terywl ons die Internasionale Dag van Demokrasie vier, moet ons ook bewus wees van die vyande by die poorte. Om demokrasie te beskerm moet ons waaksaam bly en op die uitkyk vir wolwe in skaapklere wees.

**\*Prof Ursula van Beek is 'n historikus. Sy is die Direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch.**